

17 September

Skrifgedeelte: Psalm 137, 138

Fokusgedeelte: Psalm 138:1

Loof die enigste ware God!

Ons leef in 'n tyd waarin mense sogenaamd die reg het om te kies watter god hulle wil dien. Die Bybel weet egter niks hiervan nie. Nee, Dawid roep hier uit: "Ek wil U met my hele hart loof. Laat die gode maar hoor; dit is tot u eer dat ek sing." Hy besef dat die afgode niks beteken nie en dat die God van die Bybel die enigste ware God is. Niemand het dus in God so oë die reg om 'n ander god te dien nie. Elke mens behoort die gesindheid te hê van: "Ek wil U met my hele hart loof. Laat die gode maar hoor; dit is tot u eer dat ek sing."

Dawid kan nie anders as om die enigste ware God te loof nie, want Hy bewys liefde en trou aan sy dienaars. Hy verhoor hulle gebede en gee aan hulle nuwe krag. Hy regeer selfs oor konings en tog gee Hy om vir die nederige. Hy red sy kinders en Hy laat alles vir hulle goed afloop. Aan sy liefde is daar geen einde nie!

Omdat God die enigste ware God is, is sy Seun Jesus Christus die enigste ware Verlosser. Hy is die bewys daarvan dat daar aan God se liefde geen einde is nie, dat Hy sy kinders red en alles vir hulle goed laat afloop, dat Hy gebede verhoor en nuwe krag gee en dat Hy liefde en trou aan sy dienaars bewys.

Omdat ek Hom ken en sy krag in my lewe ondervind, wil ek ook uitroep: "Ek wil U met my hele hart loof. Laat die gode maar hoor; dit is tot u eer dat ek sing." Daarom is ek ook nie skaam om te getuig dat daar net een ware God is nie!

Sing: Psalm 138:1,2

Ds HPM van Rhyn (Wilropark)